Ek soek beskerming in Allah teen Satan die verworpene en ek begin met die Naam van Allah, die Alomgenadige, die Genadigste.

'n Verduideliking van nog een van die pragtige Name van Allah

Al-Mu'min

Beveiliger

Hierdie Naam dui daarop dat Allah die Een is wat die lig van geloof in die harte van mense aansteek en laat brand, hy is die Vertrooster, en die Beskermer van die een wat by Hom skuiling soek.

Enkele Versverwysing:

Koran 59:23 “Hy is Allah, naas Wie daar geen god is nie, die Skepper-Eienaar-Regter, die Heilige Volmaakte, die Vredegewer, die Beveiliger, die Beskermer, die Almagtige, die Onkeerbare Hersteller en Aanvuller, die Alomglorieryke.”